# Hervormingsdag Preek

Lees: Matt. 12 : 1 - 21
Teks: Matt. 12 : 20 & 21.

**"'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring. En op sy Naam sal die heidene hoop."**

Geliefde toehoorders,

In Hand. 6, hoor ons hoedat Stefanus vanuit die Genadegawe van 'n waaragtige geloof, deur die kragtige werking van die Heilige Gees, die suiwere Leer van die Evangelie, voor die Raad van sy verwoede hater's bevestig, en nou lees ons verder, in vers 15:

**"En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was."**

Onbeskryflik skoon is die goddelike glans wat sy gesig omstraal, ja, soos die aangesig van Moses, terwyl die kinders van Israel hul oë nie op hom kon vestig nie, so glinster die gelaat van Stefanus ook nou, in die teenwoordigheid van hierdie Christus-veragters, en nou hoor ons hoedat hy in verwondering uitroep, in die woorde van vers 56:

**"Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan."**

Verwonderd roep Stefanus uit: "Ek sien Jesus Christus, ek sien my Verlosser en my Saligmaker, ja, Hy sal die reg tot oorwinning uitbring en op Sy Naam sal die heidene hoop!" Ag, wat 'n wonderbare Seën en troosvolle bemoediging, juis in hierdie oomblik van haat en vervolging! Hierdie verwoede en moordlustige skare minag en verag Jesus Christus, terwyl Stefanus nou, ondanks hierdie vervolginge, sy hoop volkome op sy Verlosser en Saligmaker vestig! Dit is juis hierdie vaste versekering en onwankelbare vertroue; t.o.v. die behoudenis in Jesus Christus, wat hierdie glansende heerlikheid van God, op die gelaat van Stefanus tot gevolg het!

En nou hoor ons in 2 Tim. 4 verse 3 en 4, hoedat die Apostel Paulus tot Timótheüs kom, ter bevestiging van die suiwere Leer, want, sê hy:

Timótheüs **"daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."**

Ja Timótheüs, die gesonde Leer breek die kaartehuise van eiegeregtigheid af, want, waarsku die Apostel verder, in 2 Tim. 3 verse 1 en 2:

**"Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees,"**

Daar kom 'n tyd van 'n algehele verval, vanweë die eiegeregtigheid van die mens, en nou vervolg die Apostel, en hy sê:

Timótheüs **"Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor."**

Geliefdes, daar is net twee soorte mense op hierdie aarde, die uitverkorene in die Genadestaat, d.w.s. in Jesus Christus, teenoor die verworpene in sy natuurlike gevalle-staat, d.w.s. in die eerste Adam. Hierdie verordening geld reeds vanaf die Sondeval, want, bevestig die woorde, in Gen. 3 vers 15:

**“En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.”**

Hierdie vyandskap sal onverpoosd voortwoed tot op die laaste dag van hierdie aarde, ja, so min as wat ons die onderskeid tussen die dag en die nag kan uitwis, so min kan hierdie vyandskap tussen die kinders van die lig en die duisternis beëindig word! Elke mens, ja, elkeen van ons het op ’n bepaalde dag en uur op hierdie aarde verskyn, die oomblik toe ons die eerste lewenslig aanskou het, maar tog, op daardie oomblik van ons geboorte, was ons reeds sonder die inwonende Gees, d.w.s. elke mens is reeds vanaf sy geboorte ’n verlorene, a.g.v. die erfsonde, want, bevestig Dawid, in Ps. 51 vers 7:

**“Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.”**

Soos Dawid, so word elke mens na die Sondeval, ook in sonde ontvang en gebore! Daar is maar slegs ’n geringe groepie uitverkorenes, wat alleen deur die soewereine uitverkiesing van God, deur die kragtige werking van Sy Woord en Gees, in die Genadeverbond, d.w.s. in Jesus Christus oorgebring word. Dit is die wedergeboorte, wat uiteindelik die inwonende Gees, in die hart van die uitverkorene tot gevolg het.

Ons sien dus nou: Twee soorte mense, twee verskillende nature, aan sommige word uit louter Genade barmhartigheid bewys, terwyl die oorgrote meerderheid regverdiglik verlaat en in die verhardheid van hul hart oorgegee word.

Dink maar aan Kain en Abel, bloedbroers, maar tog, Kain, onder leiding van die sondige vlees in sy verlore natuurstaat, slaan uiteindelik vir Abel dood, twee verskillende nature.

En Jakob en Esau, volwaardige tweelingbroers, maar reeds voor hul geboorte, worstel hulle teen mekaar in die buik van hul moeder, twee verskillende nature.

Dink maar ook aan die twisgeveg tussen Dawid en Goliat, terwyl Goliat homself in sy grootheidswaan verhef en hy openlik en uitdagend laster teen die lewende God van die leërskare; tree Dawid toe tot die eer en die verheerliking van sy Maker, in Wie sy ewige behoudenis gegrondves is!

Twee verskillende nature, ja, soos Stefanus, so veg die een vir die eer van sy Verlosser en Saligmaker, terwyl die andere volhard in eiegeregtigheid. So sien en ervaar ons dit tot vandag toe nog, ja, ons sien hoedat die Swaard van die Gees skeiding maak tussen families en selfs ook in huisgesinne, want, bevestig die woorde, in Luk. 17 vers 17 en 18:

**“Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.”**

Twee verskillende nature, die wedergeborene, d.w.s. die nuwe-mens onder leiding van die Gees, wat sy hoop volkome op die Naam van Jesus Christus vestig, en die ou-mens, d.w.s. die verlorene in sy verdorwe natuurstaat, wat homself in sy eiegeregtigheid verhef! Dit is hierdie gesonde Leer, wat Stefanus onder leiding van die Heilige Gees, hier voor sy verwoede hater’s verdedig!

Starende met ’n glinsterende aangesig, in diepe afhanklikheid, terwyl die wêreld haat en vervolging aanblaas, sien Stefanus nou sy Verlosser aan die regterhand van God staan! Die Koning der konings het Homself opgehef, terwyl Hy nou staande as Middelaar vir die uitverkorene by Sy Vader intree! Stefanus weet, in Hom is die allernoodsaaklike balsem tot genesing van die kranke, want, bevestig die Evangelie van Mattheus, in hoofstuk 11 vers 5:

**“blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig.”**

Dit is juis hierdie wonderbare genesing in Christus, wat openlik deur hierdie verwoede raad verag word en so poog die valse en eiegeregtige profete tot vandag toe, om die Woord van God aan te rand,

om sodoende die suiwere Verlossings-leer van die Saligheid omvêr te werp, want, waarsku die woorde, in Matt. 7 vers 16:

**"Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!"**

En in Jak. 3 vers 12, lees ons ook:

**"'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie."**

Elke onwedergeborene in sy natuurlike staat verkeer in die weerspannige en eiegeregtige gestalte van 'n doringboom of 'n distel, indien God ons volkome aan onsself sou oorlaat, sal ons gewilliglik in die aller-liederlikste gruweldade verval en volhard! Ons natuurlike hart is boos genoeg om alle euwels en gruwels gewilliglik voort te bring! Vanweë ons sonde en ons sondeskuld is ons deurtrek van 'n onreine geestelike melaatsheid!

Elke begenadigde en uitverkore kind, moet eers van homself verlos word, d.w.s. die verdorwe en afskuwelike takke en lote van eiegeregtigheid moet afgesny en verwyder word! Indien ons nog nie volkome van ons node en ons tekortkominge bewus is nie, kan en sal ons nooit die aller-noodsaaklikheid van Jesus Christus in Lewe en in sterwe, in ons hart ervaar nie. Ons moet van ons onrein en vuil klere bewus word, voordat ons sal smag na die allernoodsaaklike reiniging in Jesus Christus!

Dit is juis hierdie oortuiging in die hart, wat die glinsterende glans van God se heerlikheid, op die gelaat van Stefanus tot gevolg gehad het, die glansende Lig in Jesus Christus, wat uiteindelik alles heerlik en heilig maak. Reeds in Gen. 1, tydens die wonderbare Skepping, het God gesê: "Laat daar Lig wees, en daar was lig!" Hy het die lig uit niks gemaak, en wanneer God Sy uitverkorenes nou vanuit die duisternis in Jesus Christus opwek en lewend maak, wat doen en bevestig Hy? Hy bring hulle tot die bewuswording dat hulle niks is en uit daardie niks maak God vir Hom kinders tot Sy heerlikheid! Dink maar aan Abraham, Dawid, Jesaja, Petrus, Paulus en vele andere. Die een roep uit en sê: "Ag Here, ek is stof en as!" Een vra: "Ag, wie en wat is ek in die vaderhuis?" 'n Volgende roep uit en sê: "Ag Here, gaan weg van my, ek is 'n sondige man!" En dan hoor ons ook hoedat een in nederigheid bely en sê: "Ek is die allerminste van al die heiliges, ja, ek is 'n ontydig geborene!"

Dit is die gesonde Leer van die Evangelie wat tot vandag toe openlik verloën word. Soos hierdie verwoede vervolgers van Stefanus, so regverdig die onwedergeborene homself ook in sy eiegeregtigheid. Hy roem voortdurend in sy sogenaamde goeie deugde, ja, selfs in sy sogenaamde voortreflike afkoms! Dit is die sigbare kenmerk van diegene sonder die inwonende Gees, terwyl die begenadigde in Christus, in diepe afhanklikheid uitroep en sê: "Ag Here, daar is iets binne my, iets wat my dring en dryf, m.b.t. my belofte voor baie getuies, die dag toe ek onder die band van die Verbond gekom het, het ek openlik 'n eed afgelê en belydenis gedoen, dat ek U in Gees en Waarheid sal dien! En voordat ek selfs 'n enkele woord kon uiter, het my Verbonds-ouers my reeds by die doopwater aan U verbind, t.w.v. my onbekwaamheid, my onvermoë en die aller-noodsaaklikheid van die suiwere Leer van die Evangelie, d.w.s. van die reiniging en die genesing in Jesus Christus!"

Geliefdes, hierdie belydenis voor baie getuies, roep elkeen van ons tot verantwoordelikheid, ja, soos Stefanus, so is elke wedergeborene geroep tot 'n getuienis, t.o.v. hierdie allernoodsaaklike Leer! Ag, hoe wonderskoon is die glans op die gelaat van Sion, dit getuig van God se heiligheid, ja, dit getuig van 'n innerlike vreugde, 'n blywende blydskap en 'n wonderbare vrede, wat alle verstand te bowe gaan! Dit is die allergrootste Skat en rykdom vir elke wedergeborene, ja, die Verlosser, Saligmaker en Middelaar, daar aan die regterhand van God, die Almagtige Vader! Terwyl die wêreld haat en vervolging aanblaas, hef Stefanus nou sy oë op en roep hy saam met Dawid uit, in die woorde van Ps. 23 vers 1:

**"Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie."**

Ondanks verdrukking en vervolging, sal dit die hoorbare getuienis van elke wedergeborene op hierdie aarde wees, tot op die laaste dag van die finale gerig.

Hierteenoor woed die openlike aanslag nog deur al die eeue heen, ja, reeds in die vroegste tye van die Nuwe-Testamentiese Kerk, is ons geloofs-vadere vervolg. Johannes Huss, Hieronymus van Praag en vele andere, het die spot van hierdie vervloekte wêreld verduur, terwyl hulle in die vernietigende vlamme op die brandstapels verkeer het, totdat die sang-tone van die Psalms uiteindelik een vir een stil geraak het! Dit is juis in hierdie omstandighede, wat hulle soos Stefanus, die oog ook nie van Christus kon afwend nie! Elke geknakte riet en rokende lamppit, d.w.s. elkeen wat sy hulp en heil buite homself in Jesus Christus soek, het reeds deel aan die voortreflike Genade van God se glansende heerlikheid, ja, hulle is volkome afhanklik van die Verlossing, die bewaring en die behoudenis in Jesus Christus, want, bevestig die woorde, in Jes. 42 vers 8:

**"Ek is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee,"**

Geliefde toehoorders, nog 'n jaar het reeds verstryk na afloop van ons vorige Reformasie herdenking, die dwaalleer van eiegeregtigheid woed onverpoosd voort in hierdie land, dit voer byna op alle terreine heerskappy, ja, selfs in die sogenaamde kerke van Gereformeerde belydenis! En ons, u en ek, die nasate van die Waldense, die Geuse en die Hugenote, erfgename van die suiwere Gereformeerde Leer van die Evangelie! Wanneer ons, onsself in die Lig van God se Woord, d.w.s. in Gees en waarheid sou ondersoek, in wie se geledere sal elkeen van ons homself bevind? In dié van Stefanus, of in die geledere van hierdie selfvoldane en eiegeregtige verlorenes, wat hul vertroue op die vleeslike arm grondves? Of bevind ons onsself moontlik in die geledere van die dissipels, wat in verwondering gestaan het, nadat Jesus in 'n wolk voor hul oë weggevoer is, terwyl twee manne in wit klere, hulle vra:

**"Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."**

Hierdie manne roep ook vanoggend tot u en my en hulle vra: "Galilése manne, waarom staan julle so en kyk, ja, soos diegene wat ledig op die mark staan? Waarom staar julle so na die hemel, hou op staar en kyk, tree toe tot die stryd, t.w.v. die aller-noodsaaklikheid van Jesus Christus in Lewe en in sterwe! Slaan die hand aan die ploeg, tree toe met werkende hande en biddende harte, tot die uitbreiding van die gesonde Leer, van die alleen Verlossing in Jesus Christus, deur die kragtige werking van die Heilige Gees!"

En nou, nou kom Stefanus ook vanoggend tot u en my, en hy sê: "Kyk, ek slaan my oë op na die berge, waar sal ons hulp vandaan kom, ons hulp is van die Here, wat die hemel en die aarde geskape het en wat trou bly tot in ewigheid!"

Geliefdes, dit is hierdie geloofsvertroue en toekomsverwagting in Jesus Christus, wat uiteindelik die slap hande en die lam knieë oprig, en sodoende verskyn die glinsterende glans van God se heerlikheid uiteindelik op die gelaat van Sy strydende Kerk op hierdie aarde!

Amen.

# *Theodore Beza: Stem van die Reformasie*

Drr. Morne Diedericks




## Theodore Beza se relevansie vir vandag

Beza het 86 jaar oud geword. Dit is juis hierdie hoë ouderdom wat hy bereik het wat hom so relevante reformator maak. Hy was 'n goeie vriend van Johannes Calvyn. Calvyn het hoë agting gehad vir Beza. Hulle twee het nou saamgewerk en dit sal ook vanuit die geskiedenis van Beza se lewe duidelik word dat Calvyn se nalatenskap nie so groot impak sou gemaak het sonder Beza nie. Tot 'n groot mate het Beza in die skadu van sy voorganger Calvyn geleef en is hy nog nie werklik as reformator in eie reg ontgin nie. Met ontgin word bedoel dat sy werke meestal net nagevors is sover dit in lyn is met die werke van Calvyn of waar dit verskil.[1] Sy unieke bydra en eie impak op die Reformasie skiet nog te kort. Die rede hiervoor is die leemte van sy werke in ander tale, asook sy werke wat as geheel eers onlangs saamgebundel is. Die vyfhonderd jaar herdenking van Beza se geboorte het reeds nuwe navorsing ontlok, met die hoop dat daar verdere gereformeerde skatte vanuit die werke en lewe van die reformator Theodore Beza opgelewer word.

### Renaissance invloed op die Reformasie

Die Renaissance invloed vanuit Italië het oorgespoel na ander lande soos Duitsland, Nederland, Spanje Engeland en ook Frankryk waar Beza sy onderrig ontvang het. Hoewel die Renaissance in Italië eerder op sekulêre gronde ontwikkel het, was die Renaissance ontwikkel in die ander lande en veral Frankryk steeds binne 'n sterk godsdienstige sin. Die hoof uitroep van die Renaissance was "Ad Fontes", terug na die bronne. Om die skrywers van die antieke wêreld weer in hul oorspronklike taal te lees. Vir die sekulêre denkers was dit om vir Plato en Aristoteles in die oorspronklike Grieks te lees, maar vir die kerk het dit beteken om die Bybel weer in sy oorspronklike teks te lees, nie net die Latynse vertaling van Jerome nie, naamlik die Vulgaat nie, maar die oorspronklike Grieks en Hebreeus. Om die denke van die Reformatore te verstaan is 'n grondige kennis van die Renaissance van groot belang. Die konteks en kultuur waarbinne Beza grootgeword het, moet ook binne die impak van die Renaissance verstaan word.

### Lewenskets

Theodore Beza is gebore op 24 Junie 1519 in die dorp Vézelay, Frankryk. Beza se begaafdheid in die akademie is op 'n jong ouderdom reeds raakgesien en sy oom, Nicolas van Parys het daarop aangedring dat Beza na hom toe moes kom om te kom studeer. Beza is toe gestuur na Orléans waar hy onder die humanistiese akademikus Melchior Wolmar gaan studeer het. Neem in ag dat die invloed van die Luther se 95 stellings van 1517 reeds al 'n groot invloed gehad het op al die Europese lande en dat dit 'n middelpunt van debat was tydens Beza se kinderjare. Wolmar was grootliks beïnvloed deur die Lutherane en die opleiding wat hy vir Beza gebied het, het Beza se oë oopgemaak vir die sentraliteit van die Woord van God en die belangrikheid van die antieke tale soos Grieks, Hebreeus en

[1] "Recent research on Beza has highlighted his key roles in shaping Reformed views on church and state, theology and the life of faith in the second half of the sixteenth century." (Maag, 2015:261)

Latyn.[2] Beza was besonder begaafd in veral Latyn en Grieks. Hoewel Beza se pa, Pierre de Beze graag wou gehad het dat hy 'n loopbaan in Regte moes volg met die oog op eer en finansiële voordele, wou Beza eerder fokus op letterkunde, digkuns en ander antieke skryfstyle. Beza het in 1539 sy graad in Regte voltooi, maar daarna eerder gefokus op letterkunde en poësie en in 1548 het hy sy *Poemata*, 'n volume van gedigte gepubliseer.[3] Sy belangstelling in godsdiens het nog nie werklik sigbaar geword in sy jeug nie, hoewel hy intellektueel gebreek het met die Rooms-Katolieke kerk, wou hy nie op 'n konfessionele basis nie, omrede hy vergoeding vanuit die Rooms-Katolieke kerk ontvang het. Soos uit die literatuur afgelei, het die vergoeding 'n groot bedrag beslaan.[4]

Na 'n lewensbedreigende siekte in 1548, het 'n groot draaipunt in Beza se lewe plaasgevind. Tydens die siekte het Beza tot bekering gekom en sy lewe gewy aan God en die reformasie van die kerk. 'n Teksgedeelte wat in hierdie moment van Beza se lewe as opsomming gebied kan word is Matteus 12 waar die mense vir Jesus sê dat sy moeder en broers vir hom buite wag om met hom te praat. "Maar Hy (*Jesus*) antwoord en sê vir die een wat Hom dit vertel het: Wie is my moeder? En wie is my broers? En Hy steek sy hand oor sy dissipels uit en sê: Dáár is my moeder en my broers. Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder." (Matteus 12:48-50) Dit moes nie maklik gewees het vir al die Franse Hugenote om vir hul geloof hul vader, moeder, broers en susters te verlaat nie, maar dit is wat Here in sy Woord vir sy kinders vra.[5] Beza moes sy finansiële stabiliteit, bekende omstandighede en familie agter los en die Here volg. Gedurende hierdie tyd trou hy ook skelm met Claudine Denosse en hulle huwelik word eers bevestig toe hulle in Genève aangekom het in Oktober 1548.

Beza het een jaar in Genève gewoon en toe eers verhuis na Lausanne, omdat hy nie werk kon kry in Genève nie. In Lausanne word hy 'n dosent in Grieks by die Lausanne Akademie en spoedig word sy begaafdheid as akademikus raakgesien.[6] Sy impak by Lausanne Akademie was groot, dermate dat die studente getalle, tydens sy tyd by Lausanne, gegroei het van 'n handjievol tot sewehonderd. Beza se taalkundige gawes het ook na vore getree in 'n drama stuk wat hy geskryf het aangaande Abraham en die stryd wat hy moes gehad het in die offer van Isak. Die stuk word beskou as een van die eerste Franse drama tekste.[7] Dit is duidelik dat Beza nie net 'n begaafde dosent was nie maar ook 'n goeie bestuurder, omdat hy aangestel was as rektor by die Lausanne Akademie.

Die kerk-staat verhouding tussen Lausanne en Bern het egter 'n invloed begin uitoefen op die Lausanne Akademie. Die dosente van Lausanne Akademie moes byvoorbeeld 'n belydenis van die geloof gaan aflê by Bern self, en soos wat politieke winde anders begin waai het, so het die regering van Bern ook hul teologiese leerstellings verander. Die dosente van Lausanne Akademie was byvoorbeeld beperk om nie op 'n spontane wyse die leer van die uitverkiesing te onderrig of in konflik met ander teoloë te gaan oor die leer nie. Aanvanklik het Beza gehoop dat die staatlike invloed sal verflou en onderrig aangaande onderwerpe soos die uitverkiesing sou kon voortgaan soos normaal, maar dit het nie. Beza het sy pos by Lausanne Akademie bedank en weer na Genève teruggetrek.

Deel van navorsing oor die kerk se geskiedenis is om die voorsienigheid van die Here raak te sien. Vanuit die historiese ondersoek kan ons vandag met die breë lens meer sien as wat byvoorbeeld Beza en Calvyn gesien het. 'n Christelike historikus kan Beza se tydige aankoms by Genève nie afmaak as

---

[2] Aubert*et al* (2017:12-13)

[3] Geisendorf (1949:13). Beza was later jarespytdathy die tekstegepubliseer het, omdatdituit die ydelheid vansyjeugontwikkel het,enniegetuig het van die vrugte van 'n gelowigenie.

[4] Maag (2015:262)

[5] "The professorship at Lausanne affected deeply his father and brothers, who had learned of his departure from France with great displeasure." (Baird, 1899: Chapter IXX)

[6] "His course in Lausanne had been brilliant and successful. Of this there could be no question." (Baird, 1899: Chapter VI)

[7] "In 1550, Beza put his literary talents to work by composing a Biblical drama for student performance, his *Abraham sacrifiant*. This play, recounting Abraham's struggles in coming to terms with God's command to sacrifice Isaac, allowed Beza to address some of the challenges that he and other exiles were facing, as they sought to be faithful to God's commands while at the same time experiencing significant losses of family, friends, personal status, etc. This work has been acclaimed as one of the pioneers of early French drama." (Maag, 2015:263)

toeval nie. In die fynste besonderhede het die Here die gebeure so bestuur dat dié dag, minuut en sekonde van Beza se aankoms by Genève binne die raad van die Here geskied het.

‘n Oorsig oor die totstandkoming van die Akademie in Genève bied vir ons ‘n venster op die sigbaarwording van God se voorsienigheid deur die eeue. Calvyn het al vanaf sy eerste aankoms in Genève 1536 die begeerte op sy hart gehad om ‘n Akademie te stig waar God se Woord in eenvoud onderrig word aan toekomstige predikante, maar ook binne ander vakwetenskappe. Genève was egter nog nie reg vir so groot gebeurtenis nie en Calvyn se kennis rondom Christelike hoëronderwys was steeds te beperk. Verder was daar nog nie geskikte dosente om die opleiding te bied nie. Calvyn se verbanning uit Genève het veroorsaak dat hy na Straussburg gegaan het. In Straussburg het hy unieke aspekte geleer aangaande Christelike hoëronderwys wat ‘n groot invloed uitgeoefen het op die wyse waarop die Genève Akademie gefunksioneer het. Met Calvyn wat die vooraf werk gedoen het vir die stigting van die Genève Akademie, was daar steeds ‘n groot tekort aan geskikte dosente wat bekwaam is om vanuit die oorspronklike tale die Woord van God in eenvoud binne die Akademie te onderrig.

Die voorsienigheid van die Here word sigbaar sodra die geskiedenis van gebeure in die Lausanne Akademie ook in ag geneem word. Die krisis by die Lausanne Akademie het veroorsaak dat talle bekwame, godvresende, reformatories gesinde akademici, wat Beza insluit nuwe werk begin soek het. In 1558 voorsien die Here aan die Genève Akademie hierdie bekwame manne vanaf die Lausanne Akademie.[8]

Beza word in 1559 aangestel by die Genève Akademie as dosent in Teologie en ook as die rektor van die Akademie. Beza se kennis ten opsigte van die akademiese administrasie asook tegnieke ten opsigte van onderrig en leer binne hoëronderwys van die tyd het byvoorbeeld die van Calvyn oortref, omdat Beza meer ervaring as Calvyn gehad het in die aspekte. By die opening van die Akademie op 5 Junie 1559 lewer Beza die openingsrede. Die kort openingsrede van Beza bied vir ons ‘n venster op die doel en visie van die Akademie. Om slegs drie punte uit te lig:

1. Beza lê klem op die belangrikheid van eenvoud in die onderrig wat moet plaasvind. Teenoor die skolastieke opleiding van die Rooms-Katolieke opleiding wat verval in debatte van die nominalistiese filosofie, met moeilike konsepte vanuit die logika. Vanuit die humanistiese opleiding wat Beza en Calvyn self ontvang het was die beklemtoning van helderheid en eenvoud belangrik. Beza begin sy openingsrede met ‘n Griekse gesegde “απλòυs της αλήθειας λòγος” wat beteken “eenvoud is ‘n woord van waarheid”.
2. Beza se gebruik van die Griekse denkers soos Plato en Aristoteles in sy openingsrede het die universaliteit van die opleiding beklemtoon. Die opleiding van die Genève Akademie gaan nie net fokus op Teologie nie, maar ook put uit die wysheid van die antieke wêreld ten opsigte van die ensiklopedie van kennis. Die fokus van die Genève Akademie was in die sin nie net op teologiese opleiding nie, maar wyer as teologiese opleiding. Die Akademie het gefokus op die reformasie van die samelewing, die predikante, maar ook die doktors, regters en stadsbestuurders. Dit was juis hierdie aspek van reformasie van die samelewing wat die groot invloed van die Genève Akademie was.
3. Die laaste aspek wat uit die openingsrede van Beza uitgelig kan word was die erns waarmee daar met die kennis van God omgegaan word. Beza beklemtoon die belangrikheid van opvoeding en dat die kerk aanhoudend opgevoed moet word. Om te kan leer is ‘n gawe van God waarmee die studente van die Genève Akademie nie ligtelik moes omgaan nie. Dit is om hierdie rede waarom Beza sy openingsrede afsluit met ‘n waarskuwing aan die studente, “*As julle die voordele wat die Here aan julle gegee het afskeep, is julle die sameswering van julle eie ondergang*.”

Beza het na die dood van Calvyn veral ‘n besige program gehad, omdat hy meeste van Calvyn se onderrig verantwoordelikhede oorgeneem het. Beza was egter ook soms meer uitstedig gewees met die

[8] “There can be no doubt that irrespective of his (Calvin) plans for making use of Theodore Beza’s extraordinary scholarship for the up building of his projected university, Calvin had before begun to look to Beza as the most suitable man to succeed to the great and multiform duties which Providence had thrown upon him.” (Baird, 1899: Chapter VI)

doel om die Reformasie op ander plekke in die wêreld uit te bou en te verdedig. Dermate dat hy deur die Genève Akademie teruggeroep is om sy onderrig verantwoordelikhede ook na te kom. Die laaste jare van sy lewe het Beza hom veral toegewy tot die onderrig van toekomstige predikante. Beza was baie geliefd deur die mense wat saam met hom geleef het. Alle studente wou graag 'n aanbevelingsbrief van Beza gehad het, omdat Beza dwarsoor Europa bekend was.[9] Hoewel sy kragte vanaf 1590 begin afneem het, het hy steeds 'n baie sterk adviserende rol gespeel in die stad en tot die verdere uitbouing van die Reformasie. Beza het gesterf op 7 Oktober 1605 in Genève.

## Invloed van Beza

Beza en Calvyn was besondere naby aan mekaar en die dood van Calvyn in 1564 was Beza vir Calvyn soos wat Melanchton vir Luther. Beza het 'n biografie van Calvyn geskryf wat vir ons vandag die beste insig bied op die persoonlikheid en denke van Calvyn. Beza het die leerstellings van Calvyn uit en uit as Bybels beskou en selfs voortgegaan met die debatte, wat Calvyn nie meer voor kans gesien het nie. Met reg kan gesê word dat die impak van Calvyn op die internasionale reformasie nie so groot sou gewees het, was dit nie vir Beza se vertolking van Calvyn nie.

Die gevaar is natuurlik om Beza te lees vanuit die oogpunt van sy voorganger, Calvyn, en nie in sy eie reg nie. Beza se biograaf, Baird, sê dat die impak van Beza op die reformasie in Frankryk, dié van Calvyn oortref.[10] Weens die hoë ouderdom wat Beza bereik het, het hy as't ware die stem van die Reformasie geword. Hy word ook deur sommige die eerste Calvinis genoem. Dit is veral vanuit Beza se teologiese polemieke waar sy sterk "Calvinisme" na vore getree het. In die teologiese polemieke het Beza hom veral uitgespreek aan die eenkant teen die Semi-Pelagianisme van die Rooms-Katolisisme en die Humaniste, en aan die ander kant teen die leer van die Nagmaal onder die Lutherane.[11] Beza het op 'n stadium, tot die frustrasie van Bullinger, gepoog om versoening te bring tussen die Lutherane en die Reformatories gesindes, maar dit het net tot verdere stryd uitgeloop. Daar was ook talle geleenthede waar Beza die leer van die Reformasie moes gaan verdedig. Hy het dit op so wyse gedoen dat die Koningin hoë agting vir Beza gehad het.

Beza het deur sy lewe ook 'n belangstelling getoon in die politiek. Hoewel hy nie besondere aanvoeling vir die politiek gehad het nie, soos blyk uit sommige van sy idees.[12] Nie te min het Beza 'n besondere bydra gelewer in sy skrywe *Du Droit des magistrats* wat hy geskryf het na die tragiese en wrede gebeurtenis van St Bartholomeüs nag in 1572. In hierdie skrywe regverdig Beza opstand teen hoër onderdrukkende gesag.[13] Beza het verder as adviseur opgetree vir die Hugenote leier Henri de Condé, in sy onderhandelinge met Koning Henri III van Frankryk en in sy politieke belange het Beza ook 'n goeie verhouding gehad met koning Henri van Navarra wat later koning Henri IV geword het.[14]

Beza was in die tweede helfte van die sestiende-eeu beskou as die stem van die reformasie. Beza was deur beide Rooms-Katolieke en Protestante geag as 'n eerbare en gesiene man.[15] Sy direkte verbinding met Calvyn het gemaak dat talle studente graag onder Beza wou studeer en sy lesings en preke was

[9] "No student was well satisfied with himself unless he took away a letter of commendation from the old patriarch, or, at the very least, an album in which was inscribed his characteristic signature with some verses kindly composed for the occasion." (Baird, 1899: Chapter VI)

[10] "Meanwhile, even before Calvin's removal, that influence seemed to be doubled by the accession of Beza as Calvin's coadjutor, and Beza did for France what Calvin himself could not have accomplished." (Baird, 1899: Chapter VI)

[11] "Beza's undoubted polemical skills made him a formidable opponent, but his readiness to target anyone who uttered critiques of Calvin's theology also contributed to his reputation as someone primarily known for his defence of his master's approach." (Maag, 2015:264)

[12] "…Beza was very much interested in politics. …But they (*Beza writing on politics*) also show that Beza was still something of an amateur in politics." (Kingdon, 1961:418)

[13] Manetsch (2000:30)

[14] "From the time that Jeanne of Navarre asked Beze for advice concerning the education of her son Henry, Beze advised the Huguenot leaders of France. Even after Henry of Navarre's conversion to Catholicism in order to succeed to the throne of France as Henry IV, he and Beze corresponded and even met on several occasions, the last time in 1600 while Henry was camped outside Geneva. The king summoned his aged counsellor, whom he still called Father. Beze, then eighty-one years of age, mounted a horse to meet the king of France."(Raitt, 2005:150)

[15] Manetsch (2000:18)

baie goed bygewoon.[16] Beza het studente opgelei van regoor Europa naamlik van Engeland, Skotland, Nederland, Poland, Hongarye, en Palestina. Studente wat byvoorbeeld onder Beza studeer het was onder andere John Knox, William Perkins en Lambert Daneau. Van die studente wat ook onder Beza studeer het was Jacobus Arminius, wat die voorganger van die Remonstrantisme was.

Die invloed van Beza was oorweldigend, der mate dat die Rooms-Katolieke kerk gepoog het om Beza te diskrediteer deurdat hulle valse gerugte oor hom versprei het in die einde van sy lewe. Hierdie valse gerugte was byvoorbeeld dat hy hom weer bekeer het tot die Rooms-Katolieke geloof. Hulle het selfs gepoog om Beza om te koop tot die Rooms-Katolieke geloof. In een van sy laaste skrywes het Beza self gereageer teen die valse gerugte en geskryf: "die gemeenskap van monnike, wat leuenagtig die naam van Christus bely".[17]

[16] "Of all the lectures in the university, those of Beza were naturally the best attended. The students of all the faculties made it a point to be present at them, no matter what part of the Bible he happened to be commenting upon." (Baird, 1899: Chapter VI)
[17] Baird (1899: Chapter VI)

**Bronne**

Aubert, H., Dufour, A., Genton, H., Bovier, K. and Barats, C.M. eds. 2017. *Correspondance de Théodore de Bèze*. Droz.

Baird, H.M. 1899. Theodore Beza, the counsellor of the French reformation, 1519-1605 (Vol. 4). GP Putnam's Sons.

Geisendorf, P.F. 1949. *Théodore de Bèze*. Geneva: Labor et fides.

Kingdon, R.M., 1961. Concerning Theodore Beza. Bibliotheque d'Humanisme et Renaissance, T. 23(2): 415-422. (Beza)

Maag, K. 2015. Theodore Beza. The Expository times, 126(6):261-269.

Manetsch, S. 2000. Theodore Beza and the Quest for Peace in France 1572-1598. Leiden: Brill.

Raitt, J. 1981. Theodore Beza, 1519-1605. In *Shapers of Religious Traditions in Germany, Switzerland, and Poland, 1560-1600*. New Haven: Yale University Press.

Raitt, J. 2005. Beze, Theodore de. In *The Oxford encyclopedia of the Reformation*.ed. Hillerbrand, H.J. Oxford University Press.

# *Farel – instrument in God se hand*

Ds. Hannes Noëth



(Oorsig oor Farel: Willem (Guilhem/Guillaum) Farel was ’n Franse predikant, Protestantse hervormer en ’n vurige prediker teen die libertyne. Hy is gebore in Gap, Frankryk (1489) en oorlede 13 September 1565)

**Inleiding**

Dit is weer die tyd van die jaar wat ons terugdink aan die groot genade van die HERE Here met sy verbondsvolk. Die tyd wat Hy nie sy volk in hulle onkunde en ongehoorsaamheid gelaat het nie, maar hulle teruggeruk het. Teruggeruk het na sy Woord, sy genade, teruggeruk het in geloof en in Christus, teruggeruk het na vir Hom die eer bo alles. Die reformasie tyd is ’n genadetyd in die kerk van die Here. Natuurlik is alle tye genadetyd, maar tog, wanneer die kerkvolk so vêr afdwaal soos dit was in die tyd van die reformasie dan is die genade van terugruk so onbeskryflik groot. God ruk sy kerk terug tot gehoorsaamheid. 31 Oktober 1517 – Martin Luther – voor hom voorbereidingstyd, saam met hom kragtige stryders, na hom gehoorsame gelowiges. Een van hulle ’n man met die naam van Johannes Calvyn. Ons het Calvyn leer ken in sy geskrifte, in sy prediking, die geskiedenis leer hom aan ons as ’n man wat sterk en kragtig voorgeloop het in sy stryd teen dwaasheid en dwalinge. Eeue later sou die Calvinisme vir ons steeds bekend wees en deel van ons rigting en ankers. Kardinale Skrif en belydenisbeskouing in gehoorsaamheid aan God tot sy eer.

Hierdie Calvinisme met die predestinasie leer, die leer van genade, die belydenis van Christus, van Skrifgetrouheid en Godsverheerliking sou voorafgegaan word deur ’n moment wat die wêreldgeskiedenis sou verander. Uit die oog van die mens ’n niksseggende oomblik. Aan miljoene mense vandag onbekend. Vir ons as Gereformeerde Skrifgetroue gelowiges ’n God beskikte oomblik, toe in die voorsienigheid van God, die lewe van Calvyn kruis met ’n man met die naam van Farel. ’n Oomblik wat die geskiedenis van die wêreld onherroeplik verander en die kerkgeskiedenis, in die hand van God, vir ewig in ’n ander rigting sou stuur as wat ’n mens kon dink of beplan.

## Onbegrensde vertroue

In die lewe van 'n ware Calvinis is onbegrensde vertroue in God onontbeerlik. Dit is vanselfsprekend daar. God beskik. Ons vertrou. In lewe en in sterwe. Sy trou vir die mens is onveranderlik en groot genade. Hierdie was deel van die hartswerk en roepingswerk van Calvyn (1509-1564). Op elke lewensterrein van die mens leef die gelowige met geloof, moed, oortuiging en volharding in die Koninkryk van God.

Die dag toe Calvyn in Genève kom, word daar in die stad gearbei deur Willem Farel en Petrus Viret. In 1535 was hulle die predikante van Genève. Genève was 'n stad wat gebou is deur die biskop vir die hertog van Savoje. Ten noorde het die DuitsprekendeSwitsere stede van Freiburg, Neuchatel en veral Bern gelê. Calvyn is in besonder gewen vir die reformasie in teëstand van die humanisme. In 1536 verskyn sy eerste uitgawe van die Institusie. Lank het hy nie noodwendig op een plek gebly nie. Soms uit keuse, soms moes hy vertrek. God beskik wel so dat in Julie 1536 oornag hy in Genève. Hy word opgesoek deur Guillaume (Willem) Farel, die hervormde predikant van Genève. Die versoek van die predikant is opreg en duidelik: help met die deurvoering van die kerkhervorming in die stad.

Die versoek is vinnig en op die man af en Calvyn aarsel. Hy studeer nog, skryf boeke, voel hom nog nie geroep tot die taak nie. Hy soek rus en hy soek vrede.

Farel was maar haastig van geaardheid, die antwoord van Calvyn oorweldig hom en hy gryp hom aan die skouer en roep hom in 'n harde stem toe:

> "Is u alleen besorg oor u rus? Dan sê ek aan u in die naam van die Almagtige God, u studie is 'n voorwendsel. Indien u weier om u met ons aan hierdie arbeid te gee, dan sal God u vervloek want u soek uself en nie Christus nie."

Calvyn skrik. Die optrede van hierdie predikant was onverwags, Godsbeskik, lewensveranderend.

Calvyn sou later in sy lewe hieroor skryf:

> "Ek is vasgehou nie alleen deur 'n aanspraak en vermaning nie, maar ook deur deur 'n ontsettende beswering van Farel, asof God uit die hemel sy hand met geweld op my gelê het"

So is dit in die raadsplan van God beskik dat Calvyn dan agterbly in Genève, so sy lewenswerk gehoorsaam uitleef en nie deur homself nie, maar deur die wil van God doen waarvoor hy geroep is. En die instrument in die hand van God? 'n Man bekend as Farel.

## Dienskneg van God

Die biografiese besonderhede van Farel staan nie voorop nie. Wat belangrik is, is dat hy dienskneg was van God. In die eerste plek was daar sy geweldige sterk aandrang dat Calvyn in die stad moes bly – want die waarheid van God was vir hom belangrik. Nog meer belangrik – hy kon dit erken in Calvyn. En hy kon reageer toe Calvyn wou verder gaan. Dus belangrik net uit hierdie gedeelte oor die werk van Farel as dienskneg van God:

1. Hy het God se waarheid herken en geken.
2. Hy wou dit behou en koester

3. Hy het reageer toe hy dit kon verloor.

Hierdie drie punte uit die woorde van Farel as dienskneg is geweldig belangrik. Daarin lê 'n skanier vir die geskiedenis van die kerk maar ook 'n roeping waarin ons uitgedaag moet word. Herken en ken die waarheid, behou en koester dit, reageer om dit nie te verloor nie!

**Die reaksie van Farel op die antwoord van Calvyn**

Die reaksie om nie te verloor wat hy herken en geken het nie is noemenswaardig. Laat ons 'n oomblik daarby stilstaan. Die geskiedenisboeke beskryf daardie oomblik as:

- Deurdringend
- Skerp
- Gesagvol
- Onstrybaar
- Ernstig
- Afwagtend

Ons vergeet soms dat wanneer ons na 'n figuur uit die reformasie (of kerkgeskiedenis) kyk dat dit gewone mense op gewone plekke was wat deur God gebruik is met 'n baie sterk doel en rigting. Hierdie enkele gebeurtenis uit die lewe van Farel getuig hiervan. Hy was 'n gewone predikant, met buitengewone uitdagings in 'n vreemde tyd in die wêreld en kerkgeskiedenis. Daarom wanneer hy die waarheid van God herken, dan reageer hy op wyses wat prysenswaardig is in gehoorsaamheid. Natuurlik sou hy self 'n rol in die kerkhervorming speel, natuurlik sou hy self gehoorsaam wees aan God, maar baie belangrik. Hy sou ook luister en daarvolgens reageer.

**'n Doel getref**

Die woorde aan Calvyn het die doel getref. Farel het dus in daardie paar woorde die hart van Calvyn getref. Wat belangrik is, is dat ons in ag neem dat ons werk met waarheid wat herken is en waarheid wat geken is. Eintlik Waarheid. Christus self. Farel kon roep in die stem van geloof: Bly! Calvyn kon hoor: Bly! Die Waarheid moes verkondig word in Genève. Die kragtige Genève reformasie deur die Gees van God lê voor, maar belangrik is 'n doel wat getref is. Woorde wat gehoor is.

Let mooi op:

- Lippe wat in gehoorsaamheid praat (Farel)
- Ore wat in gehoorsaamheid hoor (Calvyn)

Hoe het Calvyn geantwoord op hierdie oproep van Farel? (Nederlandse aanhaling):

> "Welaan, dan zalikblijven en in des Heerenkracht doen, wat Hij van mij, zijngeringendienstknechteischt."

Die woorde van die dienskneg van God is gepraat en gehoor en lei weer tot reaksie. Calvyn reageer in geloof daarop. Reaksie kom net wanneer die mens werklik hoor.

Onthou hy antwoord hierdie opdrag – hy het aan Farel gesê hy soek rus en vrede – maar daar wag ontsaglike werk, in die stad en in die kerk.

### Eerste hervormingswerk

Juis vanweë bogenoemde is dit opmerklik dat Calvyn se eerste hervormingswerk met Farel verband hou. Toe Farel en Viret in 'n debat kom oor godsdiens met 'n Roomste Priester te Laussane en verwyt word dat hulle kerkvaders verag het Calvyn opgestaan:

- Met puik debatvoering;
- lang aanhalings;
- 'n skerp geheue en beredenering
- die kerkvaders en Augustinus aangehaal.

Die gevolg van hierdie gehoorsaamheid en eerste optrede en die krag daarvan? Binne drie maande het 80 monnike en 120 priesters na die Hervorming oorgegaan.

Inderdaad kragtige geloofsgehoorsaamheid.

Die reformasiewerk van Calvyn in Genève sou word:

- 'n kategismus
- 'n geloofsbelydenis
- 'n kerkorde
- Prediking
- So baie ander ... Alles – terug na die Skrif!

### Almal het nie gehoor nie

Onthou Farel was gehoorsaam, Calvyn was gehoorsaam, tog:

- Nog die boeteprediking van die strenge Farel of
- Die zagmoedige vermaninge van die beminnelikeViret

kon die kwaad beteuel. Calvyn se skerpsinnige oog het dit dadelik gesien en met streng kerklike tug kon hy verandering bring, biddend en kragtig. Belangrik die verskeidendheid van gawes wat God gebruik in die reformasie in Genève (1 Korintiërs 12).

### Voortgesette roeping

Wanneer Calvyn en Farel geban word uit Genève is dit juis hierdie hartsgesindheid van hoor en gehoorsaam wees van dien en *Soli Deo Gloria* dink wat maak dat Farel in Neufchatel en Calvyn in Straatsburg hulle roepings kon voortsit. In Genève was die teenkanting baie sterk van die Libertyne – 'n groep wat nie gebind wou wees aan wette en reëls nie.

Die roeping gaan nie in die eerste plek oor waar nie, maar HOE dit gehoor word. Farel se roepingstaak het op verskeie gebiede gelê, maar uitsonderlik die ondersteuning en vashou van die roeping van Calvyn. Nogal 'n gedagte vir die

konteks waarin ons leef, naamlik die vashou van mekaar se roepings. Die nodigheid daarvan om mekaar se hande in die lig te hou – in die reformasie was Farel vir ons hierin 'n voorbeeld met onderskeiding.

En roeping is nie altyd maklik nie ....

**Farel, weer die spreekbuis ...**

Wanneer Servet, die dwaalleraar voor die Raad gebring word, veroordeel word, gestraf word, dan is dit omdat hy die Heilige Drieeenheid laster en hom sterk uitspreek teen die kinderdoop en beskuldig word van staatkundige woelinge. Die wens (van homself) en die uitspraak (teen hom) is lewendige verbranding. Calvyn en sy ampsgenote het 'n ligter straf gevra, maar die Raad was onverbiddelik vas.

Dit word aan die gryse Farel, uit Neufchatel, opgedra om weer spreekbuis te wees. Hy moet die doodsvonnis aan Servet oordra.

> "Ik, kom om aan u te zeggen dat die dag uws dood daar is. Begeertgij UW zonden te belijden en UW goddelooze gevoelens te herroepen? Zoo niet, bereid u dan voor de groote reis."

Dit is welbekend dat Farel 'n tweede versoek aan hom gerig het, maar tevergeefs. Servet se vonnis volstrek. Farel die spreekbuis. Die geroepene van die boodskap.

Calvyn sterf in 1564 op 55 jarige leeftyd. Sy werk waardevol in die kerk en koninkryk van God. Geroepe dienskneg, geroep deur sy vriend en medewerker Willem Farel (1536-1538). 'n Kort tydjie van medewerkers wees in Genève, 'n ewige verskil in die geskiedenis van God se kerk en God se koninkryk.

Ons onthou Farel as 'n gehoorsame *mond* in die reformasie. Dit sal vreemd wees as ons dit so sê, tog kan ons, Farel wat gebruik is om Calvyn te roep – hy was 'n ware Calvinis.

# *Gaspard II de Coligny*

Mnr. Pieter Marx




Op 16 Februarie 1519 word daar deur die HERE se beskikking en genade en tot die eer van Sy NAAM, gebore 'n edelman en toegewyde Hugenoot met die naam, Gaspard II de Coligny.Vanjaar 500 jaar later, staan hierdie naam byna vergete, vir ons opgeskryf in die galery van geloofshelde en hervormers en ook as navolgingswaardige voorbeeld.

Sy vader is Gaspard 1 de Coligny en sy moeder ,Louise de Montmorency.Sy ouers maak drie Hugenote seuns groot te wete; Gaspard, Odet en Francois.Al drie seuns sou 'n standvastige en belangrike rol speel in 'n bloedige geloofsvervolging en oorloe wat sou volg.Hulle vader, bekend as maarskalk en aanvoeder van Chatillon, is in diens van die Franse koning en is reeds betrokke in die Italiaanse oorlog van 1494 tot 1516.

Gaspard die tweede volg in die voetspore van sy vader en op 24 jarige ouderdom onderskei hy homself op die gevegsfront as soldaat.Hy word gewond in die veldslae van Montmedy en Bains.In 1544 word hy deur die Franse koning tot ridder geslaan vir sy dapperheid in die veldslag van Ceresole.Hy neem aan verskeie ander veldslae deel en in April 1547 word hy op 28 jarige ouderdom tot kolonel-generaal van die infanterie bevorder vir sy ten toonstelling van intelligente militaris in die gevegskuns op die oorlogsfront.In 1552 word hy bevorder tot admiraal en in 1557 word hy vertrou met die bevel en verdediging van Saint-Quentin..In hierdie beleering toon hy besondere dapperheid en 'n sterk karakter wat vir hulle 'n oorwinning besorg.Hy word egter gevange geneem in die vesting van LE'cluse.Deur 'n betaling van 50 000 krone herwin hy weer sy vryheid.Die drie De Coligny broers was by uitstek die geesdriftigste adelike ondersteuners van die Protestantisme in die sestiende eeu in Frankryk.

Die eerste brief aan ons bekend vanaf Johannes Calvyn aan hom is gedateer, 4 September 1558.In die geheim sou De Coligny hom voortaan fokus en toespits op die beskerming van sy gereformeerde geloofsgenote.Hy poog om nedersettings buite Frankryk te stig waar die Hugenote skuiling en veiligheid kon vind teen die Rooms-Katolieke vervolging.Hy organiseer 'n ekspidisie en nedersetting van Hugenote na

Brasilie onder leiding van sy vriend, vise-admiraal Nicolaas Durand, wat die nedersetting van Hugenote in 1555 in Rio de Janeiro vestig.Hulle word egter in 1567 deur die Portugese verban.De Coligny is ook die leidende figuur in ‘n poging vir die vestiging van 300 Hugenote in Fort Caroline in Spaans Florida in 1564 en vandag beter bekend as Jacksonville in Florida Amerika.

Na die dood van Henry 2 van Frankryk, voeg hy homself aan die kant van Louis, die prins van Conde, en is op die voorgrond van die Hugenote wat geloofsverdraagsaamheid en ander geloofshervormings eis in Frankryk. In 1560 met die Vergadering van Fontainebleau, word die vyandigheid tussen De Coligny en Francois van Guise, die Katolieke leier, op die spits gedryf en dit gaan oor tot geweld.Toe burgeroorlog in 1562 in felheid uitbreek tussen Protestante en Katolieke, besluit De Coligny om uiteindelik die wapen op te neem, maar eers na lang en deeglike oorweging.Hy bly deurentyd altyd bereid om te onderhandel vir vrede.Die haat van die Katolieke sou egter nie ruimte laat vir enige vrede nie.In geen van hierdie oorloe wat volg , hehaal De Coligny sukses nie.Hy tree egter deurentyd op met groot wysheid en buitengewone volharding in die geloof.Hy word beskou as ‘n held ondanks die  mislukking om die oorlog te wen.

As die aanvoerder en berede bevelvoerder verloor hulle die eerste oorlog van 1562 tot 1564 teen die Katolieke magte en so ook die tweede oorlog in 1567.In die derde oorlog van 1569 verloor hulle die stryd en sy vriend Louis, die prins van Conde word gedood tydens die slag van Jarnac, wat De Coligny nou as alleenbevelvoerder  van die Protestantse leer laat.Hy wen wel die slag van La Rochel’Arbeille, maar word uiteindelik verslaan in die slag van Montcontour op 3 Oktober wat lei tot die onderhandeling  wat bekend staan as die Vrede van Saint Germain in 1570.

Hy wen geleidelik die guns van die maklik manipuleerbare 20 jarige nuwe Franse koning Charles IX.Hy tree daar op as mentor vir die verswakte en oorwinde Protestantse Hugenote.Die koning se guns vir sy toenemende moedige versoeke vir die Hugenote verontrus Catherine de Medici, koning Charles IX se moeder, en ‘n vurige Rooms-Katolieke ondersteuner.

In Augustus 1572 trou  die koning met sy suster, Marguerite de Valois.Op die 22 ste Augustus, ‘n dag na die einde van die huweliksfees, word De Coligny in die straat geskiet  deur ‘n man met die naam, Maurevert, vanaf ‘n huis wat behoort aan die Guise.Die koeel skeur ‘n vinger af van sy regterhand en versplinter sy linker elmboog.Die sluipmoordenaar ontsnap sonder om gevang te word.Die koning stuur sy persoonlike dokter na De Coligny, maar Catherine de Medici, sy moeder, gryp weer in en verhinder enige gesprekke tuusen die koning en De Coligny.Die bloeddorstige en haatdraende Katolieke met die koning se moeder aan die spits hiervan, was egter gereed vir veel groter wraak teen die Hugenote.Om middernag die Sondagoggend van die 24 ste Augustus 1572 volg een van die bloedigste en wreedste

slagtings en moorde teen die Protestante in Parys wat vir weke sou voortduur en uiteindelik ook sou uitbrei na ander lande in Europa.Dit staan bekend as die Bartholomeusnagmoorde .In hierdie bloedbad word vrouens,kinders en bejaardes nie ontsien nie en in hulle tienduisende op die wreedaardigste metodes vermoor.Die doel was uitwissing van die Protestante en hulle geloof.

De Coligny sou een van die eerstes wees wat daardie nag vermoor sou word.Hy word deur ‘n dienskneg van die koningshuis, Charles Danowitz, met ‘n swaard in die bors deurboor en by sy kamervenster uitgestamp.Hy sterf uiteindelik toe hy onthoof word deur nog van die koning se knegte.Die Roomse prediker, Simon Vigor, verklaar later; “If the king ordered De Coligny killed, it would be wicked not to kill him.”Met hierdie woorde het die populerste prediker van die Rooms-Katolieke in Parys die gebeure gewettig en regverdig en verklaar dat die moord vanuit die koningshuis beplan was.Daar is beslag gele op De Coligny se dokumente en dit is deur Catherine de Medici verbrand.Van die dokumente was omvattende geskiedskrywing van die burgeroorloe.

De Coligny laat in die moord sy tweede vrou, Jacqueline de Montbel, wat swanger was agter, nadat sy eerste vrou, Charlotte de Laval, reeds in 1568 gesterf het, asook drie kinders gebore uit die eerste huwelik, naamlik Louise wat later trou met prins Willem van Oranje in Nederland, asook ‘n seun, Francois, en nog ‘n seun ,Charles.Uit die kort huwelik van twee jaar met sy tweede vrou,word na sy dood gebore ‘n dogter, Beatrice.

Met die dood van De Coligny is nog ‘n lamppit uitgedoof in die donker eeue van geloofsvervolging, maar nie sodat die duisternis kon oorwin nie.Nee, veel eerder sodat die Ewige Lig van die Evangelie en van Jesus Christus al helderder sou brand in die harte van mense en in die eeue wat sou volg.Na Bartholomeusnag sou die Waarheid van God en Sy Woord , nie stilgehou kon word nie, maar die Lig van daardie Waarheid sou uiteindelik ook skyn op ander kontinente en self tot hier in donker Afrika aan die suidpunt tagtig jaar later in 1652.

Vir De Coligny was sy sterwe in Christus nie eie wins alleen vir homself nie, maar ook vir baie wat na hom sou volg.Hy het inderdaad soos Paulus verklaar; die goeie stryd gestry en die geloof behou(2Tim.4:7).

Het De Coligny dan vir ons as gereformeerdes en Protestante van die 21 ste eeu nog enige waarde in 2019 en 500 jaar na sy geboorte?Vandag is hierdie reformator byna vergete en tog bly sy nalatenskap enorm.Dis ‘n nalatenskap wat die geskiedenis van die reformasie sou help skryf tot hier in Suid-Afrika en selfs tot in 2019 hier op Kalkfontein vandag.Op die oog af blyk dit miskien dat De Coligny nie ‘n persoon was wat graag die ander wang wou draai nie.Hierdie wanpersepsie het tans al ‘n

hoogtepunt bereik onder die valse vrede,vrede skreeuers van die 21 ste eeu.Die tolleransie vir die leuen maak die Waarheid van die Woord, waarvoor De Coligny gestry het, skaars en selfs verdag in ons tyd.Verdraagsaamheid vir die leuen, plaas ons opnuut onder vervolging in die 21 ste eeu.Ons kinders word vervolg vir hulle geloof in die skole en universiteite en ons kyk gedwee sonder enige reformasie toe hoe dit gebeur.Hierdie vervolging sal in felheid toeneem , sodat daar dalk weer 'n tyd gaan aanbreek waar ons deur lewensbedreiging sal moet terugveg vir oorlewing.Dalk sal die waarde van 'n persoon soos De Coligny dan eers besef word.Ons word reeds vervolg in ons huise!Baie onlangs is daar wetgewing ingestel wat Christenouers verbied om hulle kinders op die Bybelse norm van lyfstraf te straf en tug.Ons kinders word reeds vervolg in die skole en universiteite en selfs met die hulp van sogenaamde christene, of mense wat hulleself so noem.Hulle word verplig om hulle te onderwerp aan die goddelose leer van die Godonteerende evolusie leuen.Hulle word verplig om by die Godloenende menseregte teoriee in te val.Ja dis nog nie bloedig nie ,maar die tekens wys alreeds op die onheil wat kan volg.

Ons word daarom nie net fisies ontwapen in die wereld vandag nie,maar ons word ook geestelik ontwapen, omdat ons nie meer die wapenrusting van God aantrek nie.Ons herdenk ook vanjaar die tweede jaar van die Dordtse Sinode in 1618-1619, vierhonderd jaar gelede.Daar is 'n baie bekende skildery wat beskrywend is van die sinodegangers.Wanneer ons na daardie skildery kyk dan val 'n paar dinge ons op.Eerstens het die sinodegangers elkeen 'n swaard aan die skede in die linkersy,maar in die regterhand is ook die Bybel en die Swaard van die Waarheid, naamlik die Ewige, onveranderlike Woord van God.

Laat ons opnuut daarom besef dat daar maar net Een Waarheid is en nie baie nie.Vir daardie Een Waarheid het De Coligny gestry en geoffer met sy lewe.Daar is wel baie leuens en hulle almal opponeer hierdie Een Waarheid.U verdraagsaamheid vir hierdie leuens vra uiteindelik van u opponering van die Waarheid .In De Coligny se tyd was daar nie die Waarheid van die Rooms-Katolieke en die Waarheid van die gereformeerde Protestante nie.In werklikheid is dit nie eens die Protestante se Waarheid nie, want die Waarheid staan buite enige mens en is uit geen mens nie.

Hoe lyk hierdie Waarheid dan vir ons in 2019 en veral hier in SA???Die meeste van daardie aankomelinge in 1652 en hulle nageslagte het intussen al hierdie Waarheid verlaat vir 'n nuwe waarheid, wat 'n leuen is.Hulle kan dit beveg soos die Katolieke destyds ,maar hulle kan dit nie betwis met feite nie.Daarom is hulle waarheid 'n tydsgebonde waarheid en 'n waarheid afhangend van menslike interpretasies en eie menings.Dis populistiese waarhede van mense en daarom nie ware hervorming nie, al wil hulle die woord hervorming misbruik vir eie gewin.Dis in werklikheid deformasie in die ergste graad.Hulle waarheid is nes die valse waarhede van die verlede, ook vriendskappe met die wereld en tog vyandskap teen God.Die Here- Here skreeuers is soos deur alle eeue steeds volop.Hulle aanbid in menigte steeds teen die randjies, in sportstadions en in megakerke in menigte, maar nie met die Een

Waarheid as voorwaarde en kenmerk nie.En aan hulle vrugte sal julle hulle ook uiteindelik ken.Hulle se almal; Bekeer julle!Maar bekeer na wat????Na nuwe waarhede???Na mensgeskepte waarhede ja.Die afgelope twee Sondae was ons land se nuwe waarheidsoekers weer vasgenael voor die kassies en skottels wat hemelwaarts wys.En Maandag tot Saterdag is hulle dienaars van die wereld.Van humanisme, liberalisme en kommunisme.Hulle lyk daarom ewe tuis aan die tafel van die duiwels as aan die tafel van die Here.Amper nes Judas Iskariot wat ook sy hand in die skottel gesteek het vir die brood.So bid hulle die HERE vir genade en uitkoms op droogte en nood in ons land en dan weer die volgende oomblik saam met voorvadergeesaanbidders. LAAT ONS EERLIK WEES; So lyk ons waarheid en reformasie in 2019 hier in SA.

Laat ons vir De Coligny weer sien in hierdie spieel van die verlede om ons aan te spoor tot reformasie.Laat ons as begenadigde en belydende sondaars nes hy weer terugdraai na die Een Waarheid om die toekoms tegemoet te gaan sonder vertwyfeling.'n Toekoms waar ons onoorwinbare Oorwinnaars is in Christus.'n Toekoms van hoop.Laat ons die HERE dank vir hierdie geestelike voetspore wat De Coligny vir ons nagelaat het.Spore wat Christus vir hom ook nagelaat het en waarin ons steeds kan loop in 2019.Die spore van Geregtigheid en Waarheid.Soos deur alle eeue sal mense en die Waarheidsbestryders vra; Wat is Waarheid????Net soos Pilatus destyds ook vir Jesus gevra het(Joh.18:38).De Coligny het daardie Waarheid nagevolg.

Daar is 'n paar plekke in die wereld wat na De Coligny vernoem is;

1.Die dorp Coligny naby Lichtenburg in SA.

2.Fort Coligny in Rio De Janeiro in Brasilie

3.Chatillon-Coligny in Frankryk

4.Coligny Plaza in Hilton Head Island

5.Colini Avenue in New York VSA

Daar is ook verskeie dorpe en stede in SA met straatname wat hierdie reformator benoem.

In Parys is daar 'n 10 meter hoe wit marmerstandbeeld van De Coligny.

Laat ons nie deur hierdie nagedagtenis 'n sondige mens vereer nie, maar laat ons gedenking ons aanmoedig om opnuut aangespoor te word deur ons geloofsvoorgangers om te volhard in die geloof.Ook sy tydgenoot en geloofsgenoot, Johannes Calvyn, is vernoem hier in SA deur die dorp Calvinia.Daardie name dra 'n geloofsgeskiedenis met hulle saam.Laat ons dit nie verag of misken nie.

As u weer Calvinia of Coligny besoek, dink dan gerus terug aan daardie getuienis wat hierdie mense gedra het.Dis ‘n getuienis met ‘n bloedspoor tot hier in SA.Dis ‘n navolgingswaardige getuienis.’n Getuienis van die Waarheid.Die Een Waarheid, Jesus Christus.Daardie Een Waarheid is opgeskryf in die geskiedenis van die Hervormers van die Sestiende eeu AS LEUSE in die Latynse woord, Sola wat beteken Alleen.

Ja SOLA Scriptura

SOLA fide

SOLA gratia

SOLI DEO Gloria!

Dit beteken; en ek gaan die woord “alleen” opbreek om die verband en betekenis duideliker aan te toon;

Die Woord al Een

Die geloof al Een

Die genade al Een

Aan God al Een die eer!